Donderdag **29 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:36-49**

**Fokusgedeelte: Lukas 24:47**

**Verkondig bekering en vergifnis**

Jesus verskyn die vyfde keer op dieselfde dag, nou aan sy dissipels in die nag. Sy verskyning verbaas hulle. Die verskyning is so tydig, want hulle is juis besig om oor die nuus van die opstandingsgebeure te praat. Moontlik te oorweeg of dit genoegsame bewyse is van die opstanding van hulle Meester en hoe hulle alles verder moet hanteer. Dan is Jesus ewe skielik in hulle midde. En watter troos en bemoediging bring sy teenwoordigheid nie. Hy gee sy vrede. Al het almal Hom in sy lydingsworsteling verlaat, neem Hy die inisiatief om in ’n liefdevolle en vredevolle ontmoeting met hulle te gaan.

Omdat hulle gedagtes en harte gevul is met twyfel en worstelinge oor hulle foute, is hulle verskrik. Jesus gee egter bewyse van sy opstanding om sodoende hulle vrese te stil en te verseker dat Hy nie ’n spook is nie. Hierdie bewyse moet hulle help om met volle geloofsoortuiging die blye boodskap oor die opstanding in die wêreld te verkondig. Hy wys hulle sy hande en voete. Hy eet saam met hulle. Hierdie verskyning bring insig in die Woord van God. Dit wat hulle gelees en gehoor het, word nou duidelik. Hulle verstaan nou. En daarom Jesus se opdrag: Julle moet getuies wees. Verkondig hierdie boodskap wat deur die hele Bybel geopenbaar word. Die boodskap oor die dood en opstanding van Jesus moet aan al die nasies verkondig word. Die boodskap van bekering en vergewing van sondes moet in die hele wêreld gehoor word.

Verkondig dit in die Naam van Jesus Christus en met die gesag wat jy van Hom ontvang het.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)*